Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 2, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE POLITIEKE KOERSWENDING VAN 1948 BESORG 'N NUWE IDENTITEIT AAN DIE UNIEVERDEDIGINGSMAG

L. JOOSTE
DIREKTORAAT DOKUMENTASIEDIENS, SANW

*The South African National Defence Force (SANDF) came into being on 27 April 1994. The establishment of the SANDF brought far-reaching changes: integration of the old South African Defence Force and the statutory and non-statutory armed forces into a single National Defence Force; rationalization of the SANDF to an affordable force; and finally transformation of the SANDF to meet the changing needs of the new democratic South Africa.*

*More than four decades ago, when the National Party came into power after the general election held on 26 May 1948, the country's defence force also underwent significant changes. F.C. Erasmus, Minister of Defence in D.F. Malan's cabinet, was determined to rid the Union Defence Force of its many British traditions and of its British character and he introduced a series of changes so as to furnish the Force with a distinct South African identity. In this article a few of these changes are discussed.*

**Die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) het op 27 April 1994 totstandgekom. Die stigting van die SANW het 'n tydperk van ingrypende veranderinge in Suid-Afrika se verdedigingsmag ingelui : *integrasie* van die ou Suid-Afrikaanse Weermag, die weermagte van die Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei, asook die gewapende magte van die African National Congress en die Pan African Congress te wete Umkhonto we Sizwe en die Azanian People's Liberation Army in 'n enkele Nasionale Weermag; *rasionalisasie* om die geïntegreerde SANW tot 'n bekostigbare grootte te verskraal; en uiteindelik *transformasie* met die doel om die departement van Verdediging in ooreenstemming te bring met die fundamentele behoeftes en vereistes van die nuwe bestel in die land. Hierdie hervorming roep onwillekeurig die veranderinge wat Suid-Afrika se verdedigingsmag bykans vier dekades vantevore ondergaan het toe die land ook 'n nuwe politieke era betree het, in herinnering. Die Nasionale Party, onder leiding van doktor D.F. Malan, het generaal J.C. Smuts se Verenigde Party op 26 Mei 1948 in die algemene verkiesing uit die kussings gelig en Malan het advokaat F.C. Erasmus as Minister van Verdediging in sy kabinet aangestel. Erasmus, wat Smuts in hierdie portefeulje opgevolg het, het gedurende die daaropvolgende elf jaar verreikende veranderinge in die Unieverdedigingsmag aangebring. In die onderstaande artikel word enkele van die talle wysigings wat Erasmus ingestel het om spesifiek 'n eiesoortige identiteit aan die verdedigingsmag te verleen, onder die loep geneem.**

## Inleiding

Toe Erasmus in 1948 by Smuts oorgeneem het, was die Unieverdedigingsmag (UVM) in byna elke opsig Britsgesind. Weens die feit dat Suid-Afrika deel van die Britse Gemenebes was, was dit vanaf sy ontstaan in 1912, sterk op die Britse lees geskoei. Die vernaamste ontwerpers van die Verdedigingswet (Wet no 13 van 1912) was òf Britte òf van Britse herkoms en het H.R.M. Bourne, kaptein J.J. Collyer, sir William Graham Greene, brigadier-generaal George Aston en lord Methuen ingesluit. Ter wille van eenvormigheid in die Britse Gemenebes was die organisasie van die UVM ook op die Britse model gebaseer.

Die UVM se offisierskorps, en veral die bevelsposte, het in 1912 ook hoofsaaklik uit Engelssprekendes

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 2, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

bestaan. Gedurende die daaropvolgende drie dekades het die getalleverhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekende offisiere meer ewewigtig geword, maar die uniforms, rangtitels en gebruike van die Mag het Brits gebly en die taal was uitsluitlik Engels. In weerwil van die groter staatkundige onafhanklikheid wat die Unie van Suid-Afrika in die twintiger- en dertigerjare bereik het - die Balfourverklaring van 1926 wat bepaal het dat die dominiums outonome, gelyke gemeenskappe binne die Ryk was; die Statuut van Westminster van 1931 en die 1934-Statuswet wat enige ongelykhede wat nog bestaan het, uit die weg geruim het - het die UVM sy Britse karakter behou. Selfs die veranderinge wat Oswald Pirow as Minister van Verdediging vanaf 1933 tot 1939 ingevoer het, het die aard en beeld van die Mag onaangeraak gelaat.

Die kennelik Engelse aard en gees van die UVM het Erasmus dwars in die krop gesteek en by NP-gesinde Afrikaners die indruk geskep dat die Mag 'n verlengstuk van die Britse leër was. Dit was vir hulle 'n doring in die vlees dat die UVM volksvreemd en ver verwyderd was van sy oorspronklike doel "om een met die volk te wees en om die stoflike en geestelike waardes van die nasie te beskerm".[1] Erasmus het sy mede-Nasionaliste se versugting verwoord toe hy in 1946 in die Volksraad verklaar het dat die Mag "...'n besliste Suid-Afrikaanse karakter" moes kry.[2] Hy het nie die Engelssprekende sy regmatige plek in die UVM misgun nie, maar dit was vir hom 'n saak van die grootste erns dat die NP-gesinde Afrikaner weer in die Mag moes tuis voel en, in sy eie woorde, "na hul tradisionele rol as verdedigers van hul Vaderland terugkeer".[3] Hy het derhalwe toe hy in 1948 Minister van Verdediging word, 'n reeks aksies in werking gestel om die UVM se Britse inslag te verminder en 'n Suid-Afrikaanse karakter aan die Mag te verleen. In hierdie artikel word slegs enkele van hierdie aksies bespreek.

## TRADISIONEEL SUID-AFRIKAANSE RANGE HERLEEF

Erasmus wou sover moontlik die hele spektrum van ou, tradisionele, eg Suid-Afrikaanse gebruike, simbole en terminologie in die Mag laat herleef en derhalwe het hy in Desember 1948 'n tweemankomitee aangestel om die saak te ondersoek en hom van raad te bedien. Die komitee het bestaan uit professor A.N. Pelzer, hoof van die departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria wat as voorsitter opgetree het, en majoor J.S.J. van der Merwe, 'n lid van die SA Lugmag. Die Pelzerkomitee se opdrag was om die verdedigingstelsels van die voormalige Boererepublieke en die kolonies van Suid-Afrika, veral die kommandostelsel, asook die wording en wese van die UVM vanaf 1912 tot 1948, te ondersoek. Hulle moes spesifiek let op die organisasie, militêre range, gebruike en gewoontes, simbole (vaandels, vlae, wimpels, kentekens en wapens) asook uniforms van die verskillende verdedigingsmagte. Later is die opdrag uitgebrei dat hulle ook die aard en herkoms van die dekorasies, medaljes, onderskeidings en toekennings van die UVM moes ondersoek.[4]

Die Pelzer-komitee het sy verslag aan die einde van Maart 1949 aan die Minister van Verdediging oorhandig en na aanleiding van die komitee se bevindinge, het Erasmus verskeie wysigings in die UVM ingevoer. Dit het geblyk dat die bestaande range van die Leër, Lugmag en Vloot by die Britse magte oorgeneem was en dat range uit die Suid-Afrikaanse militêre verlede negeer is. Erasmus was gretig om die tradisionele range van **kommandant-generaal, kommandant** en **veldkornet** te herstel. Hierin het hy die steun van die kabinet geniet en hulle het sonder teëstribbeling sy beplande wysigings van die rangbenaminge goedgekeur.[5] Erasmus het eerste die rang luitenant-kolonel, wat in die Leër en Lugmag tussen majoor en kolonel geval het, op historiese gronde en sonder gevaar van ernstige kritiek, met die rang van **kommandant** vervang.[6] Dit het beteken dat een van tien range in die UVM 'n inheemse karakter weerspieël het. Die rang **kommandant** dateer uit die dae van die Kaapkolonie, is deur die Voortrekkers die binneland in geneem en tot 1902 deur die Zuid-Afrikaanche Republiek en die Republiek van die Oranje-Vrystaat gebruik waarna dit uit die Suid-Afrikaanse militêre taal verdwyn het.

Die besluit om die rang van **kommandant** terug te bring, het groot byval gevind by NP-ondersteuners. Een van die eerstes om daarop te reageer was die dagblad *Die Transvaler*. Dié koerant, het die UVM by geleentheid as "...'n klein Engeland in die hartjie van Suid-Afrika" beskryf. Volgens *Die Transvaler* het die imperialistiesgesinde lede van die VP, wat hy jingo's genoem het, oor 'n lang tydperk heen daaraan gewoond geraak om die UVM "as hul besondere reserwe en 'n agterryer van die Britse 'War Office' te beskou".[7] *Die Transvaler* het die herstel

1 Direktoraat Dokumentasiediens van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW Argief): Minister van Verdediging Erasmus/ Fouché (MVEF), Houer 64, Lêer MV22/11, Departementele Korrespondensie : Skietkommando's, Deel 6, Inlae 129, gd.

2 *Debatte van die Volksraad*, 1946-04-04, kol 5157-5158.

3 "Eie Militêre Tradisies moet Behoue bly: Erasmus", *Die Vaderland*, 1948-12-02.

4 Verslag van die Komitee van Ondersoek insake Militêre Range, Vaandels, Kentekens, ens.

5 SANW Argief: MVEF, Houer 120, Lêer MV75 Uniforms en Rangtekens, Deel 1, Inlae 156, H.F. Verwoerd - J.J. Fouché, 1965-07-26.

6 SANW Argief: MVEF, Houer 120, Lêer MV75 Uniforms en Rangtekens, Deel 1, Inlae 9, 1949-05-07.

7 "Bogterige Onthoofdingsaksie", (redaksionele kommentaar), *Die Transvaler*, 1950-08-29.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 2, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

van die rang **kommandant**, "...'n geliefde Boeretradisie", hartlik verwelkom en Erasmus aangemoedig om met sy hervormingswerk voort te gaan. Die blad het hom versoek om spoedig die rang **kommandant-generaal** ook in ere te herstel.[8]

Die Kaaplandse Kongres van die NP het vroeg in Oktober 1950 sy dank teenoor Erasmus uitgespreek vir die "stappe om die Verdedigingsmag 'n eie Suid-Afrikaanse identiteit te gee en om elke jong Suid-Afrikaner weer daarin tuis te laat voel".[9]

Aangemoedig deur hierdie reaksie het Erasmus dit oorweeg om die rang kaptein met **veldkornet** te vervang. Hy het op 1 Desember 1949 reeds in 'n toespraak op Springs na so 'n moontlikheid verwys. Die rang **veldkornet**, net soos **kommandant**, is 'n tipies Afrikaanse militêre rang en ook 'n amp uit die Kaapkolonie afkomstig. Dit is deur die Voortrekkers die binneland in geneem en het die basis van die indeling van die offisiersrange van die Boererepublieke gevorm. Dit was tot 1902 in gebruik. Erasmus het die herstel van die rang **veldkornet** met die Hoof van die Generale Staf bespreek maar as gevolg van onbekende redes die implementering daarvan agterweë gehou.[10]

'n Ander rang waaraan Erasmus in 1949 oorweging geskenk het, is **veggeneraal,** wat die rang van brigadier moes vervang. Dit is nie duidelik waarom hy hierdie besondere rangbenaming in die UVM wou invoer nie aangesien die historiese gebruik daarvan onduidelik is. Dit is wel gedurende die Anglo-Boereoorlog gebruik en dus 'n oorlogtydse rang, maar die vroeë status daarvan is onseker. Soos in die geval van veldkornet het Erasmus besluit om nie **veggeneraal** onmiddellik in die UVM in te stel nie.[11]

Daar was egter geen onduidelikheid oor die rang **kommandant-generaal** nie. Hierdie historiese rang is vir die eerste keer deur die Voortrekkers in Natal gebruik en in die latere republieke deur die hoogste militêre bevelhebber beklee. Met die stigting van die UVM is dit as 'n posbenaming vir die Burgermag gebruik en is C.F. Beyers met die rang brigadiergeneraal as Kommandant-generaal aangestel. Toe Beyers op die vooraand van die Rebellie bedank, het hierdie posbenaming uit die Suid-Afrikaanse militêre geskiedenis verdwyn. Op Erasmus se aandrang is sowel die rang as die posbenaming in September 1956 met die uitdienstreding van luitenantgeneraal C.L. de Wet du Toit in die UVM ingestel. Die rang **kommandant-generaal** het die rang generaal vir die persoon aan die hoof van die UVM vervang terwyl **Kommandant-generaal, UVM** die posbenaming Hoof van die Generale Staf vervang het.[12] Ondersteuners van die NP van oral oor en selfs die Transvaalse Sinode van die NG Kerk, het die minister met die herstel van die historiese amp en rang van **Kommandant-generaal** gelukgewens.[13]

Erasmus was nie tevrede met die ingebruikstelling van slegs twee van die range uit die volksverlede nie aangesien hy van mening was dat die militêre geskiedenis en tradisies van Suid-Afrika nog nie voldoende in die rangstruktuur van die UVM ingeweef was nie. Derhalwe het hy in November 1959 'n komitee van opperoffisiere, onder voorsitterskap van generaal-majoor P.H. Grobbelaar, Adjunk Kommandant-generaal van die UVM, opdrag gegee om die Suid-Afrikaanse militêre rangstruktuur vir offisiere sowel as alle ander range te hersien en aanbevelings daaroor te doen. Erasmus het nog nie van sy vroeëre voorneme om die range veggeneraal en veldkornet te laat herleef, afgesien nie en hy het uitdruklik aan die komitee sy wens hieroor te kenne gegee. Hy was verder nie gelukkig met sekere manskapsrangbenaminge nie. Die komitee het sy verslag op 1 Desember 1959 voltooi. Die aanbevelinge daarin met betrekking tot offisiersrange het die herstel van **veggeneraal** en **veldkornet** ingesluit. Die rang **veldkornet, lugkornet** en **vlootkornet** het onderskeidelik die rang kaptein in die Leër en die Lugmag, en luitenant in die Vloot vervang. Die rang **generaal-majoor** in die Leër en die Lugmag is deur **veggeneraal** vervang. 'n Dekade nadat Erasmus die rang **kommandant** in die Leër en Lugmag ingevoer het, het hy dit ook in die Vloot ingestel. Dit het die plek van kommandeur ingeneem. Die rang luitenant-kommandeur het ook na **luitenant-kommandant** verander. Hy het hierdie verandering nodig geag om eenvormigheid in die drie gevegsdienste se range te bewerkstellig. Erasmus het geen probleem ondervind om die rangwysigings deur die kabinet goedgekeur te kry nie waarna dit vroeg in Desember 1959 in werking gestel is.[14]

In teenstelling met die gunstige reaksie van Afrikanerkant op hierdie veranderinge, het Engelsspre-

8 "'n Rang in die Boeretradisie", *Die Transvaler*, 1950-08-26.

9 "Voel weer Tuis in Verdedigingsmag", (redaksionele kommentaar), *Die Volksblad*, 1950-10-05.

10 SANW Argief: MVEF, Houer 120, Lêer MV75 Uniforms en Rangtekens, Deel 1, Inlae 67, 1950-10-27.

11 SANW Argief: MVEF, Houer 120, Lêer MV75 Uniforms en Rangtekens, Deel 1, memorandum AG653 "Gebruik van Range Kommandant-generaal, Veggeneraal en Veldkornet in die SA Weermag", 1964-10-23.

12 SANW Argief: MVEF, Houer 120, Lêer MV75 Uniforms en Rangtekens, Deel 1, memorandum AG653 "Gebruik van Range Kommandant-generaal, Veggeneraal en Veldkornet in die SA Weermag", 1964-10-23; Houer 150, Lêer MV205 Jaarverslag UVM 1956.

13 SANW Argief: MVEF, Houer 120, Lêer MV75 Uniforms en Rangtekens, Deel 1, Inlae 105, gd; "NG Sinode wens Minister geluk oor Kommandant-generaal", *Die Transvaler*, 1957-05-01.

14 SANW Argief: MVEF, Houer 120, Lêer MV75 Uniforms en Rangtekens, Deel 1, Inlae 134, Adjunk-Kommandant-generaal - Kommandant-generaal, 1959-12-01.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 2, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

kendes hewig daarteen beswaar gemaak. 'n Groep wat hulself die "United English-speaking South Africans" genoem het, het Erasmus daarvan beskuldig dat hy politiek by die UVM insleep en dit prontuit gestel dat "*...these new ranks were .....designed to make English-speaking South Africans feel alien in their fatherland*". Binne dae nadat Erasmus die aankondiging in verband met die nuwe rangbenaminge gemaak het, is hy as Minister van Justisie aangestel en het Jim Fouché die Verdedigingsportefeulje by hom oorgeneem. Die beswaardes het sonder versuim hulle griewe teenoor die nuwe minister gelug en hom versoek om die veranderinge te hersien.[15]

Die rangwysigings wat Erasmus aangebring het, het nadat hy na Justisie verskuif is, 'n nadraai gehad. Ook sommige offisiere was ontevrede oor die nuwe rangbenaminge. As gevolg daarvan het die Inspekteur-generaal, veggeneraal R.C. Hiemstra, op 28 Januarie 1960 'n voorlegging waarin die besware teen die range verwoord is en wat sekere aanbevelings bevat het, aan die Kommandant-generaal voorgelê. Die Inspekteur-generaal se besware teen **veggeneraal** was dat die status van die rang in die Suid-Afrikaanse geskiedenis veel laer was as dié van die teenswoordige rang en dat die rang in die buiteland onbekend was. Daarenteen was **generaal-majoor** 'n historiese rang en algemeen gebruiklik op hierdie vlak in die meeste Westerse lande. Hiemstra het met betrekking tot die rang **kommandant** aangevoer dat dit 'n heeltemal vreemde en onvanpaste rang in enige vloot was, ook in sy saamgestelde vorm van **luitenant-kommandant**. Aangesien **kommandeur** presies dieselfde oorsprong en betekenis het, nasionaal, internasionaal en histories bekend was en deur die meeste Westerse lande op hierdie vlak as 'n vlootrang gebruik word, het Hiemstra versoek dat dit weer in die plek van **kommandant** gestel word. Voorts was die rang **kornet** met die onderskeidende voorvoegsels vir die Lugmag, en die Vloot, vir talle offisiere 'n steen des aanstoots. Veral vir die Vlootoffisiere was die benaming weens sy historiese oorsprong, onaanneemlik.[16]

Die Inspekteur-generaal se aanbevelings is aanvaar en die nuwe Minister van Verdediging, J.J. Fouché, het gelas dat die rangbenaming **kommandant** in die Vloot met **kommandeur** vervang word. Verder is **veggeneraal** vanaf 5 Februarie 1960 met **generaal-majoor** vervang terwyl **kornet** deur **kaptein** in die Leër en Lugmag en **luitenant** in die Vloot vervang is.[17]

Die wisselvalligheid in rangbenaminge het hiermee nog nie tot 'n einde gekom nie want enkele weke later, op 28 Maart 1960, is **generaal-majoor** andermaal deur **veggeneraal** vervang. Terselfdertyd is die range **luitenant** en **tweede-luitenant** in die Leër deur **veldkornet** en **assistent-veldkornet** vervang. Die rede hieroor word nie pertinent in die beskikbare bronne verstrek nie, maar dit kom voor asof die wysigings nie soos voorheen aan die kabinet voorgelê was nie en dat hulle derhalwe ongemagtig was.[18]

## EIESOORTIGE SUID-AFRIKAANSE RANGKENTEKENS

Tegelyk met die rangsveranderinge het Erasmus ook die rangkentekens van die UVM 'n herkenbare Suid-Afrikaanse karakter gegee. Een van die belangrikste van hierdie vernuwings was die invoer van die ster en die kasteel. Die Britse ster wat as offisierskenteken gebruik is, het 'n ingewikkelde ontwerp en simboliek gehad. Dit het bestaan uit drie goue biskopsmusse as simbool van die drieheiligeeenheid van die Christelike geloof, 'n kousband as simbool vir ewigheid, 'n lourierkrans as simbool vir oorwinning, 'n Maltese kruis as simbool van opoffering vir die medemens, en die strale van 'n ster as fondament vir al die ander simbole.[19] Deur Erasmus se toedoen is die Britse ster in 1951 met 'n vyfpunt ster vervang; die vyf punte het die vier provinsies van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika verteenwoordig. Die leuse *Ex Unitate Vires* asook die landswapen is in 'n klein rooi sirkel op die ster aangebring. Dit was vanaf 2 Januarie 1952 verpligtend vir alle Staande Mag-offisiere om die nuwe ster te dra.[20]

Die ander sentrale simbool in die Suid-Afrikaanse rangkentekens wat Erasmus afgeskaf het, was die Britse kroon. Dit is op 1 April 1957 vervang met 'n rangkenteken waarvan die ontwerp gebaseer is op die vorm van die Kasteel in Kaapstad. Die landswapen is in die middel van die Kasteel aangebring.[21] Erasmus wou dat daar geen verwarring oor die

15 SANW Argief MVEF, Houer 120, Lêer MV75 Uniforms en Rangtekens, Deel 1, "United English-speaking South-Africans" - J.J. Fouché, 1960-01-06.

16 SANW Argief: MVEF, Houer 120, Lêer MV75 Uniforms en Rangtekens, Deel 1, memorandum GSD/10/1 Inspekteur-generaal - Kommandant-generaal, 1960-01-25.

17 SANW Argief: Diverse groep 2, Houer 52, SAW Jaarverslag 1960; Jaarverslag vir die Leër, p 14.

18 SANW Argief: MVEF, Houer 120, Lêer MV75 Uniforms en Rangtekens, Deel 1, memorandum AG653 onder opskrif "Gebruik van Range Kommandant-generaal, Veg-generaal en Veldkornet in die SA Weermag", 1964-10-23; Inlae 156, H.F. Verwoerd - J.J. Fouché, 1965-07-26.

19 SANW Argief: MVEF, Houer 120, Lêer MV75 Uniforms en Rangtekens, Deel 1, Hoof van die Generale Staf - Minister van Verdediging, 1949-05-07,

20 H.H. Curson, *Regimental Devices in South Africa 1783-1954*, p 1; SANW Argief: Sekretaris van Verdediging (DC), Lêer DC17850/436 General Staff Conferences, Deel 1, Inlae 14a, Vergadering van die Verdedigingstafraad op 1951-11-13.

21 SANW Argief: Kommandant-generaal (KG), Lêer KG/KV/2 Uniform- en Tenuevoorskrifte, Deel 3, Inlae 97, 1957-03-30.

identiteit van die draers van die Kasteel as embleem bestaan nie. Hy het derhalwe die Kaaplandse Provinsiale Administrasie oorreed om nie langer die Kasteel as grondpatroon op hulle verkeerspatrolliemotors te gebruik nie.[22]

Vanaf April 1957 is die kroon oral in die UVM-kentekens, insluitend op krae en pette, met die Kasteel vervang. Dit was vir Erasmus 'n saak van erns, soos blyk uit sy gereelde navraag daaroor by die Kommandant-generaal asook sy versoek dat hy periodiek van 'n vorderingsverslag oor die aangeleentheid voorsien word. Erasmus het waar hy militêre parades bygewoon het of met militêre personeel in aanraking gekom het, spesifiek daarop gelet of die nuwe kentekens gedra word. Toe hy in Oktober 1959 tydens 'n inspeksie van 'n kadetafdeling by 'n skool in Constantia in Kaapstad bemerk dat die adjudant-offisier nog die kroon dra, het hy onmiddellik by die Kommandant-generaal navraag gedoen waarom die nuwe kenteken nog nie aan die kadetafdeling uitgereik was nie.[23]

Die verwydering van die Britse kroon uit die Suid-Afrikaanse militêre kentekens het die "United English-speaking South-Africans", hewig ontstel. In weerwil van die feit dat Suid-Afrika volkome onafhanklik was, wou hulle van Erasmus weet op wie se gesag hy hierdie verandering wat, na hulle mening daarop gemik was om die indruk te skep dat Suid-Afrika nie langer aan die Britse kroon trou of onderdanig was nie, geïnisieer het. Toe die minister nie hierop antwoord nie, het hulle in 'n bitsige brief aan hom geskryf " *....you have displayed a typically Nationalist attitude towards English-speaking South Africans : those requests that cannot unashamedly be answered are ignored, and those that can are treated with arrogance and contempt"*.[24]

## NUWE UNIFORMS

In dieselfde tyd dat Erasmus die voorgemelde veranderings in die range van die UVM ingevoer het, het hy ook nuwe uniforms ingestel ten einde 'n Suid-Afrikaanse identiteit te skep. Nuwe uniforms was trouens een van die eerste sake wat Erasmus vroeg in Junie 1948 met die Hoof van die Generale Staf bespreek het. Hy is hiertoe aangespoor deur die gebrek aan eenvormigheid in die UVM se amptelike drag - 'n toestand wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het en na 1945 voortgeduur het - asook deur die vele briewe wat hy van Afrikaanssprekendes ontvang het waarin hulle die bestaande drag as die uniform van die "veroweraar" beskryf het. Hy is versoek om dit met 'n nuwe uniform te vervang.[25]

Met die instelling van 'n nuwe uniform kon daar met die Rooi Lus weggedoen word. Vir talle soldate was die Rooi Lus, 'n simbool van hulle lojaliteit en bereidwilligheid tot opoffering, maar vir die NP se aanhangers was dit 'n gruwel. Dit het wrywing en vyandigheid en uiteindelik groot verdeeldheid en bitterheid tussen vrywilligers en nie-vrywilligers veroorsaak. Onmiddellik nadat Erasmus minister geword het, het Afrikaners van oral oor vertoë tot hom gerig om die gehate Rooi Lus af te skaf. Ook die NP-kongres van Natal wat op 28 en 29 April 1949 in Pietermaritzburg vergader het, het so 'n versoek aan hom oorgedra. Vir jong NP-gesinde Afrikaners was die Rooi Lus 'n struikelblok en hulle was nie gewillig om in die UVM te dien solank as wat dit nog gedra is nie.[26]

Erasmus wou so spoedig moontlik die kleredrag van die Mag verander en nuwe uniforms sonder die Rooi Lus invoer. Binne twee weke nadat hy minister geword het, het hy met die voorbereidings in verband daarmee begin. Hy het die hoofde van die verskillende gevegsdienste opdrag gegee om ondersoek in te stel en daarna voorstelle aan die hand te doen oor hoe elk van hulle dienste se uniforms verander kon word. Hy was self ten nouste by die ontwerp en verkryging van die nuwe uniform betrokke, maar praktiese en finansiële probleme het die spoedige ingebruikneming van nuwe uniforms belemmer. Geskikte kledingstof was nie plaaslik beskikbaar nie en moes van Brittanje af ingevoer word. Die Minister van Ekonomiese Sake, Eric Louw, het egter by die toekenning van fondse vir invoere, voorkeur aan die behoeftes van sekondêre nywerhede en aan essensiële kapitaal- en verbruikersgoedere gegee. In plaas van die £114 000 wat die UVM in 1950 vir die invoer van uniformmateriaal aangevra het, is slegs £60 000 toegestaan. Daar kon aanvanklik dus net 'n gedeelte van die materiaal bestel word.[27]

Erasmus het die aankondiging in verband met die nuwe uniforms vir die UVM en die afskaffing van die Rooi Lus op 27 September 1949 op 'n vergader-

22 SANW Argief: MVEF, Houer 120, Lêer MV75 Uniforms en Rangtekens, Deel 1, Inlae 103, 20 Augustus 1956; Inlae 104, 1956-08-25.

23 SANW Argief: KG, Lêer KG/KV/2 Uniform- en Tenuevoorskrifte, Deel 4, Inlae 3, 1958-11-24; MVEF, Houer 120, Lêer MV75 Uniforms en Rangtekens, Deel 1, Inlae 130, 1959-10-13; Inlae 130a, 1959-11-05.

24 SANW Argief: MVEF, Houer 120, Lêer MV75 Uniforms en Rangtekens, Deel 1, Inlae 124a, 1959-05-11; Inlae 124b, 1959-05-15; Inlae 125, 1959-06-15; Inlae 126, 1959-08-20; Inlae 128, 1959-10-07.

25 SANW Argief: MVEF, Houer 120, Lêer MV75 Uniforms en Rangtekens, Deel 1, Inlae 1, 1948-08-05.

26 SANW Argief: MVEF, Houer 101, Lêer MV43 Griewe omtrent die Dra van Rooilussie, ens, Inlae 2-10a, 1948-06-23 - 1948-10-16; Inlae 22, 1949-10-24; Inlae 26, 1949-10-31; Houer 77, Lêer MV25 Politieke Sake, Inlae 56a, 1949-05-18.

27 SANW Argief: MVEF, Houer 120, Lêer MV75 Uniforms en Rangtekens, Deel 1, Inlae 2, 1948-08-16; Inlae 24, Eric Louw - F.C. Erasmus, 1949-10-20; Inlae 46, Eric Louw - F.C. Erasmus, 1949-11-19; Inlae 47, Eric Louw - F.C. Erasmus, 1949-12-15; Houer 62, Lêer MV22/8 Departementele Korrespondensie: Die SA Vloot, Deel 1, Inlae 32, 1949-01-17.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 2, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

ing op Moorreesburg gedoen. Hy het aangedui dat die Rooi Lus op 1 Desember 1949 verdwyn en dat die letters **SA** op die uniformlapelle gedra sou word.[28] In die redaksionele kolom van *Die Volksblad* is die wegdoen met die Rooi Lus, simbool van 'n verdeelde verdedigingsmag, verwelkom. *Die Transvaler* was eweneens verheug daaroor en het dit beskryf as "*...nog 'n stap in die opbouende proses om 'n sterk onafhanklike gees in Suid-Afrika te skep en die weg na 'n eengesindheid te effen*".[29] In teenstelling met hierdie reaksie het die *Pretoria News* in sy redaksionele kommentaar harde woorde tot Erasmus gerig en hom van die grofste onsensitiwiteit asook gebrekkige kennis oor militêre tradisies en die waarde daarvan vir moreel en *esprit d' corps* beskuldig.[30] Lesers het nie op hulle laat wag nie en het in briewe aan dié Engelstalige koerant beswaar gemaak teen die afskaffing van die Rooi Lus.

In die geledere van die UVM was daar in die Aktiewe Burgermag-eenhede ernstige ontevredenheid oor Erasmus se besluit oor die Rooi Lus. Sommige eenhede was selfs van voorneme om 'n seremoniële "begrafnis" van die Rooi Lus te hou. Die plegtigheid, wat as Operasie Standdown sou bekend staan, is by wyse van 'n order deur Verdedigingshoofkwartier verbied. Die omvang van die ontevredenheid was so groot dat die Hoof van die Generale Staf dit nodig geag het om die minister daaroor in te lig.[31]

Gesien in die lig van die sterk beswaar teen die afskaffing van die Rooi Lus asook die feit dat die Suid-Afrikaanse Munt nie betyds die nuwe SA-tekens gereed kon hê nie, het Erasmus laat in Oktober 1950 'n toegewing aan Aktiewe Burgermageenhede, wat aan die Tweede Wêreldoorlog deelgeneem het, gemaak. Hulle kon sélf kies of hulle die Rooi Lus wou dra of nie. Lede van die Staande Mag en ander voltydse lede van die UVM het nie hierdie keuse gehad nie. Sommige lede van die Aktiewe Burgermag het die Rooi Lus vir nog 'n tydjie gedra, maar binne maande het dit heeltemal uit die UVM verdwyn.[32]

Die bohaai oor die Rooi Lus het tydelik die aangeleentheid van nuwe uniforms vir die UVM oorheers. Nadat daar aanvanklik 'n vertraging met die vervaardiging van die uniforms was, was dit in 1952 gereed. Weens die tekort aan fondse asook die omvang van die projek, is die nuwe uniforms eers aan offisiere van die Staande Mag uitgereik en was die dra daarvan vanaf 31 Maart 1952 verpligtend. Enkele maande later is die nuwe uniforms aan ander range, dit wil sê adjudant- en onderoffisiere, uitgereik. Anders as wat voorheen die geval was, was daar geen onderskeid in die uniforms van offisiere en ander range nie. Dit het eenvormigheid in die hand gewerk en 'n positiewe uitwerking op die moreel en dissipline in die UVM gehad. Ander range het hulself nie meer as minderwaardig teenoor offisiere geag nie.[33] Die *Pretoria News* se vroeëre kritiek op Erasmus oor die nuwe drag, was dus ongegrond.

Nadat die Staande Mag-lede van uniforms voorsien is, het die nuwe drag ook verpligtend geword vir die offisiere van die Aktiewe Burgermag, Skietkommando's en Kadetafdelings. Die menings van die betrokke offisiere is eers vooraf hieroor ingewin. Die meeste van hulle was ten gunste van die nuwe uniforms. 'n Handjievol eenhede, 1 en 2 Royal Durban Light Infantry, 1 Royal Natal Carbineers, Natal Mounted Rifles, Umvoti Mounted Rifles, en Duke of Edinburgh's Own Rifles, wat almal eenhede met lang en trotse tradisies was en, belangriker nog, almal onderskeidende seremoniële drag gehad het - Skotse rokkies ("kilts"), hooglanderbroeke ("trews"), spesiale knope, hoofdeksels en skouerkoorde - was daarteen gekant. Hulle grootste beswaar was dat 'n eenvormige uniform hulle individualiteit, tradisies en *esprit d' corps* sou skaad. Die protesterende eenhede was egter in die minderheid en gedurende 'n Stafraadvergadering op 9 September 1952 is besluit dat alle Aktiewe Burgermag-, Skietkommando- en Kadetoffisiere na die nuwe uniform sou oorskakel. Erasmus het reeds vroeër toegestem dat eenhede met 'n onderskeidende drag vir seremoniële geleenthede dit kon behou, op voorwaarde dat hulle self alle onkoste daarvoor dra.[34]

Die Leër se nuwe tweekleur-, ook genoem kontrasuniform, het onder andere uit 'n bruin jekker en vaalkleurige broek bestaan terwyl die Lugmag-uniforms grysblou van kleur was. Die Lugmag, wat tot op hierdie tydstip dieselfde drag as die Leër gehad het, het nou vir die eerste keer, soos lugmagte elders in die wêreld, 'n eie onderskeidende uniform

[28] SANW Argief: MVEF, Houer 101, Lêer MV43 Griewe omtrent die Dra van die Rooilussie, ens, Inlae 22, 1949-10-24; Inlae 26, 1949-10-31.

[29] Redaksionele kommentaar, *Die Volksblad*, 1949-09-28; Redaksionele kommentaar, *Die Transvaler*, 1949-09-28.

[30] "Exit the Orange Flash", (Editorial), *Pretoria News*, 1949-09-27.

[31] SANW Argief: MVEF, Houer 101, Lêer MV43 Griewe omtrent die Dra van die Rooilussie, ens, Inlae 23, 1949-10-25.

[32] SANW Argief: MVEF, Houer 101, Lêer MV43 Griewe omtrent die Dra van die Rooilussie, ens, Inlae 34, 1950-02-28; Inlae 46, 1951-03-09.

[33] SANW Argief: MVEF, Houer 120, Lêer MV75 Uniforms en Rangtekens, Deel 1, Inlae 84, "Vorderingsverslag No 1: Uitreiking van nuwe Ontwerp Uniforms"; KG, Lêer HGS/KV/1 Uniform- en Tenuevoorskrifte: Beleid, Orders en Instruksies, Deel 1, Inlae 66, 1952-11-15.

[34] SANW Argief: KG, Lêer HGS/KV/1 Uniform- en Tenuevoorskrifte: Beleid, Orders en Instruksies, Deel 1, Inlae 31, 1952-02-26; Inlae 45, 1952-06-20; Inlae 55, 1952-08-19; Inlae 63, 1952-11-06.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 2, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

gehad. Die nuwe uniforms is algemeen in die UVM verwelkom en die ontwerp, kleur en gehalte daarvan het die lede geval.[35]

Die SA Vloot se nuwe uniform het groot kontroversie uitgelok. Die Vloot was indertyd die sterkste Engels-georiënteerde deel van die UVM en verknog aan Britse tradisies. Begryplikerwys was hulle ongeneë om 'n nuwe uniform te aanvaar. Erasmus het in Junie 1950 'n aankondiging oor die nuwe Vlootuniforms gemaak en te kenne gegee dat ofskoon die nuwe drag aansienlik van die oue verskil, dit steeds die tradisionele kenmerke van seemansdrag sou behou. Die voordeel van die nuwe uniforms was dat dit onderskeidend en in alle omstandighede dienlik was terwyl die instandhoudingskoste daarvan laag sou wees. Nog voordat die ontwerp van die nuwe uniforms bekendgestel is, het die *Naval Officers Association of Southern Africa* oorhaastig en heftig daarteen kapsie gemaak omdat dit na hulle mening die moreel en entoesiasme van die Staande Mag-personeel sowel as die Reserviste sou skaad. Die Engelse blad, *Cape Argus* het ook fel kritiek uitgespreek en verklaar dat Erasmus gevestigde gebruike en tradisies vernietig.[36]

Die Reserviste van die Vloot was eweneens hewig gekant teen die beoogde nuwe uniform en het selfs gedreig om te bedank. F.C. Sturrock, ere-kommodoor van die Vlootreserviste, het tussenbeide getree en aangebied om as tussenganger tussen die Reserviste, die UVM en die Generale Staf oor die uniformkwessie op te tree. Erasmus het sy aanbod aanvaar, waarskynlik omdat hy besef het hoe afhanklik die Vloot van die opgeleide Reserviste was om sy vaartuie te beman. Die geskil is bygelê nadat Sturrock die voorgestelde uniforms besigtig het en hulle geheel en al aanvaarbaar bevind het. Op sy aanbeveling het die UVM op 4 September 1950 foto's van die uniforms in die nuusblaaie geplaas. Die Vloot se nuwe drag het uit drie tipes uniforms bestaan, te wete 'n donker (winters-) en 'n ligte (somers-) uitrusting asook 'n werkspak. Die snit van die nuwe uniforms het heelwat van dié van die ou uniforms verskil. Dit het weggedoen met die klokvormige ("bell bottomed") broekspype asook die verouderde klap. Die wye seemanskraag van die baadjie is met 'n kleiner kraag, wat steeds aan die kenmerkende seemanskraag herinner het, vervang. Die nuwe pet het ook van die vorige een verskil maar het die kenmerke van 'n seemanshooftooisel behou. Die bekendstelling van die nuwe uniforms in die pers het die spekulasie daaroor beëindig en uiteindelik was al die betrokkenes tevrede. Die *Rand Daily Mail* het dit as *"a happy compromise"* beskryf.[37] Dit blyk dus dat die probleme met die Vloot se nuwe uniform aan onvoldoende kommunikasie te wyte was.

Die uniforms van die drie gevegsdienste het die UVM bepaald 'n Suid-Afrikaanse voorkoms gegee. Die drag was dienlik en gemaklik dog netjies. In die daaropvolgende jare is die styl en materiaal na gelang van behoeftes ietwat verander maar die basiese kleure het grootliks onveranderd gebly. Laat in 1959 is wel besluit om die Leër se drag met 'n groen kontrasuniform te vervang asook om 'n groen gevegstenue vir sowel die Leër as die Lugmag in te stel. Dié besluit is op 4 Desember 1959 deur 'n vergadering bestaande uit onder andere Erasmus, kommandant-generaal S.A. Melville en J.P. de Villiers, Sekretaris van Verdediging, geneem. Erasmus is enkele dae daarna deur die Eerste Minister, doktor H.F. Verwoerd, na die portefeulje Justisie verskuif en die wysigings ten opsigte van die uniforms is dientengevolge nooit deurgevoer nie[38] moontlik omdat Fouché nie 'n herhaling van die situasie met die rangkwessie wou hê nie.

## INHEEMSE DEKORASIES EN MEDALJES

Net so belangrik as wat tradisionele Suid-Afrikaanse range, kentekens en 'n eiesoortige uniform is vir 'n eie identiteit, is militêre simbole - veral dekorasies en medaljes - wat die geskiedenis, tradisies en kultuur van die land vergestalt. Vanaf 1912 is Suid-Afrikaners wat in die UVM gedien het, in die algemeen met Britse ordes, dekorasies en medaljes vereer. Suid-Afrika het slegs enkele toekennings gehad wat eksklusief vir burgers van die land bedoel was, onder andere die Afrika Diens-medalje en die Suid-Afrikaanse Medalje vir Oorlogsdienste, wat albei vir diens gedurende die Tweede Wêreldoorlog toegeken is. Die oorgrote meerderheid dekorasies en medaljes was Britse toekennings wat nie die Suid-Afrikaanse volkskarakter weerspieël het nie. Op Erasmus se inisiatief en onder sy geesdriftige leiding is 'n aantal suiwer inheemse dekorasies en medaljes ontwerp. Die vernaamste eise wat vir dekorasies en medaljes gestel is, was dat die ontwerpe 'n egte Suid-Afrikaanse karakter moes weerspieël. Voorts moes die benaminge van die toekennings, wat as na-naamse titels gebruik sou word,

35 SANW Argief: DC, Houer 25, Lêer DC780/2 Minister of Defence: Policy by Minister, Deel 1, Inlae 22, "Konsep Beleidsverklaring en Vorderingsoorsig 1953"; KG, Lêer KG/AP/SM/10 Staande Mag Moreel, Deel 1, Inlae 1, 1954-05-29.

36 SANW Argief: MVEF, Houer 120, Lêer MV75 Uniforms en Rangtekens, Deel 1, Inlae 58, 1950-08-10; "Tinker-tailor", *Cape Argus*, 1950-08-26.

37 SANW Argief: MVEF, Houer 120, Lêer MV75 Uniforms en Rangtekens, Deel 1, Inlae 60, 1950-08-25; Inlae 61, 1950-08-26; Inlae 63, 1950-09-04; "The Navy's New Look", *Rand Daily Mail*, 1950-09-06.

38 SANW Argief: MVEF, Houer 120, Lêer MV75 Uniforms en Rangtekens, Deel 1, Inlae 135, "Uniforms: Notules van vergadering gehou in die Minister se Kantoor op Vrydag 4 Desember 1959".

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 2, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

sodanig wees dat die afkortings daarvan in albei landstale dieselfde sou wees.[39]

Die nuwe dekorasies en medaljes is eers aan die kabinet en daarna tesame met die bevelskrifte, aan die Britse koningin vir goedkeuring voorgelê. Aangesien die Unie van Suid-Afrika 'n lid van die Statebond was, kon slegs die Britse monarg toekennings instel. Die ingebruikneming van die toekennings is spesiaal vir 6 April 1952 gereël sodat dit met die driehonderdjarige herdenking van die volksplanting in Suid-Afrika, kon saamval.[40]

Die nuwe dekorasies en medaljes was die volgende: **Casteel de Goede Hoop**-dekorasie, wat die Victoria Cross as die hoogste onderskeidingstoekenning vir heldemoed vervang het; **Louw Wepener**-dekorasie; **Ster van Suid-Afrika**-dekorasie; **Van Riebeeck**-dekorasie; **Van Riebeeck**-medalje; **Suiderkruis**-medalje; **Unie**-medalje; **John Chard**-dekorasie; **John Chard**-medalje.[41]

Afrikaners was verheug oor die nuwe, eg Suid-Afrikaanse toekennings en hierdie vreugde en trots is in die NP-gesinde pers weerspieël. *Die Volksblad* se reaksie was dat die UVM al hoe meer "*...uitgeken kon word as 'n weermag wat net aan Suid-Afrika behoort*". Die blad het voorts geskryf *"Daarmee lyk ons weermag vir die eerste keer na 'n plant van ons eie Suid-Afrikaanse bodem sonder ente uit die vreemde."*[42]

Die *Cape Times* op sy beurt het alles aangaande die toekennings gekritiseer. Die instelling van die dekorasies en medaljes is as Erasmus se ernstigste flater as Minister van Verdediging tot op daardie tydstip beskryf aangesien dit die Engelssprekende deel van die bevolking vervreem het. Die toekennings self is as 'n "*strange collection*" afgemaak. Dié blad was verder van mening dat die Suid-Afrikaanse dekorasies en medaljes nie die Britse toekennings moes vervang nie, maar slegs aanvullend daartoe moes wees.[43]

Suid-Afrika se outonomie met betrekking tot die instel van militêre toekennings is in Wet no 44 van 1957 (die Verdedigingswet) uitgebrei deurdat 'n nuwe bepaling in artikel 136 vervat, ingevoer is wat die Goewerneur-generaal gemagtig het om ordes, dekorasies en medaljes aan lede van die Mag toe te ken.

## ERASMUS VERWYDER NOG BRITSE SPORE UIT DIE UVM

Erasmus, gretig om die UVM se ondergeskiktheid aan Brittanje sover as moontlik ongedaan te maak, het in 1949 beslis dat die Mag se vaandels, vlae, wimpels, kentekens en medaljes nie langer - soos wat gebruiklik was - aan die Vaandelinspekteur ("Inspector of Colours") in Brittanje voorgelê sou word om heraldies goedgekeur te word nie. Dit was vir hom ongehoord dat die Unie van Suid-Afrika se militêre insignia deur 'n buitelandse instansie beoordeel word en hy het derhalwe op 6 Desember 1949 gelas dat dié gebruik gestaak word en dat die ontwerpe voortaan in Suid-Afrika self gekeur word. Erasmus het impulsief en oorhaastig opgetree en nie met die gevolge van sy optrede rekening gehou nie. Hy het homself nie vooraf van die beskikbaarheid plaaslik van 'n bevoegde persoon of instansie om die ontwerpe goed te keur vergewis nie. In werklikheid het daar indertyd geen amptelike heraldiese instelling in die land bestaan nie en om die probleem te oorbrug het hy doktor Coenraad Beyers, Hoofargivaris van die Staatsargief, versoek om die kentekens van die UVM te keur. In 1954 is die Stafoffisier van die Militêre Argief, kaptein H. de V. du Toit, na Europa gestuur om 'n studie van heraldiek te maak ten einde die keuring van die UVM se heraldiese ontwerpe te doen.[44]

Die Britse inslag in die UVM se seremoniële en ander gebruike was duidelik waarneembaar en het die NP-gesinde Afrikaners se misnoeë verwek. Erasmus wou dit summier afskaf maar kon weens die sensitiewe aard daarvan en die hewige emosionele reaksie wat dit by Engelssprekendes sou ontketen, nie doen nie. Een van die tradisies waaraan Erasmus 'n hekel gehad het omdat dit Suid-Afrika se verbintenis met Brittanje versinnebeeld het, was die heildronk wat gedurende 'n formele ete op die Engelse vors gedrink is. Toe 'n aantal offisiere van die Skietkommando's, wat vroeg in 1950 'n kursus by die Militêre Kollege te Voortrekkerhoogte bygewoon het, van 'n formele ete wegbly omdat hulle geweier het om die heildronk op die koning te drink, het dit groot opspraak verwek. Die saak is aan die Hoof van die Generale Staf gerapporteer en het selfs in die Volksraad ter sprake gekom. Die Smuts-ondersteuners was erg verontwaardig daaroor omdat, na hul mening, die koning daardeur beledig is en het geëis dat die minister

39 SANW Argief: KG, Lêer KG/AOD/1/2 Suid-Afrikaanse Eerbewyse en Medaljes, Deel 1, Inlae 17, Hoof van die Generale Staf - Adjudant-generaal, 1952-01-19.
40 SANW Argief: KG, Lêer KG/AOD/1/2 Suid-Afrikaanse Eerbewyse en Medaljes, Deel 1, Inlae 20, 1952-04-02.
41 *Staatskoerant* no 1952, 1954-10-01, "Voorrangorde van Ordes, Dekorasies en Medaljes".
42 "Dis Nou Ons Eie", (redaksionele kommentaar), *Die Volksblad*, 1952-04-04.
43 "Political Medals", *Cape Times*, 1952-04-08.
44 SANW Argief: Adjudant Generaal Groep 3 (AG(3)), Houer 176, Lêer AG(3)282 King's and Regimental Colours, Deel 3, Inlae 2, 1949-12-06; Colours Queen's and Regimental Colours, Deel 4, Inlae 1, gd; Inlae 2, 1949-11-03; Inlae 92, 1954-06-18.

streng teen die betrokkenes moes optree. Erasmus het egter op grond van die "ministeriële diskresie" (sic) waaroor hy beskik het, geweier om stappe teen die Skietkommando-offisiere te neem. Hy het tereg aangevoer dat geen oortreding wat ingevolge die UVM se dissiplinekode strafbaar was, begaan is nie en verder daarop gewys dat Aktiewe Burgermag- en Skietkommando-lede slegs op parade of ten tye van ononderbroke militêre opleiding aan die Reglement van Dissipline onderhewig was.[45]

'n Tweede militêre gebruik wat die UVM met noue bande aan Brittanje geknoop en Erasmus dwars in die krop gesteek het, was die affiliasie van Suid-Afrikaanse eenhede met Britse en ander Statebond-eenhede. So byvoorbeeld was **Regiment De la Rey** met die **Northampshire Regiment** en die **Imperial Light Horse Regiment** met die **Queen's Royal Hussars** geaffilieer. Daar het ook 'n aantal affiliasies met Australië, Nieu-Seeland en Kanada bestaan: byvoorbeeld die **Witwatersrand Rifles** was geaffilieer met die **26th Battalion Australian Forces, Otago and Southland Regiment New Zealand Forces**, en **North Regiment Royal Canadian Forces**.[46] Erasmus wou die affiliasies beëindig maar dit was 'n gevestigde tradisie en die opskorting daarvan kon ernstige ontevredenheid in die Mag tot gevolg hê. Hy het derhalwe op 10 Mei 1959 opdrag gegee dat die bestaande affiliasies voortgaan maar dat geen nuwe sodanige verbintenisse aangegaan word nie.[47]

Die aanstelling van opper-kolonels vir eenhede van die Staande Mag en die Aktiewe Burgermag het met die gebruik van affiliasies gepaard gegaan. Gewoonlik is lede van die Britse koninklike familie as opperkolonels aangestel. Erasmus wou dié gebruik staak en in 1949 het die Adjudant-generaal 'n instruksie tot dien effekte uitgereik. Dié tradisie kon nie sonder meer beëindig word nie en derhalwe is die instruksie herroep. Erasmus het nie die saak daar gelaat nie en enkele jare later persoonlik aan die Unie se diplomatieke verteenwoordigers in die VSA, België, Frankryk en Nederland geskryf om inligting oor die aanstelling van opper-kolonels in dié lande se weermagte te bekom.[48] Dit het geblyk dat ere-aanstellings in België, Frankryk en die VSA onbekend was, maar dat dié gebruik wel in Nederland gevolg is waarna Erasmus nie weer gepoog het om die gebruik af te skaf nie.

Twee seremoniële gebruike waardeur die hoogste eer aan Brittanje bewys is en wat noodwendig tot laat in die vyftigerjare teen die wense van baie Nasionaliste gehandhaaf is, was die voer van die Union Jack en die speel van die Koninklike Saluut. Toe die Union Jack in 1957 afgeskaf is en die Unievlag die enigste amptelike vlag van Suid-Afrika geword het, is die *Seremoniële Handboek* van die UVM en ook die relevante UVM Orders in opdrag van Erasmus onmiddellik dienooreenkomstig gewysig. In dieselfde jaar het die Unie ook met **God Save the Queen** weggedoen en **Die Stem van Suid-Afrika** as enigste volkslied verklaar. Aangesien dit van toe af die hoogste musieksaluut was wat in Suid-Afrika betoon kon word, het die UVM 'n nuwe militêre bevel, die **Nasionale Saluut**, in die plek van die **Koninklike Saluut** ingestel.[49]

Daar is haas nie 'n aspek van die UVM wat Erasmus oor die hoof gesien het in die suiwering van die Mag van Britse invloede, kenmerke en nalatenskappe nie. Selfs die Reglement van Dissipline van die UVM wou hy van sy Britse inslag stroop. Hy het reeds op 1 Desember 1948 in 'n toespraak voor die Langenhoven-Volkspelelaer op Geduld, Springs sy voorneme hieroor te kenne gegee. Hy was van oordeel dat die Reglement onvanpas was vir die UVM, aangesien talle van die bepalinge daarvan vreemd was vir die Suid-Afrikaanse volksaard en militêre kultuur.[50] Boonop was dit verouderd en het dit verordeninge bevat wat regstreeks uit die "British Army Act" van 1881 oorgeneem is. In teenstelling met die ander veranderings wat Erasmus in die UVM ingevoer het, het die hersiening van die Reglement van Dissipline weens die kompleksiteit daarvan en die feit dat die UVM in soveel opsigte op die Britse lees geskoei was, etlike jare geduur voordat dit afgehandel was. Die nuwe Reglement was eers in 1957 gereed en is as bylae 1 tot die Verdedigingswet, Wet no 44 van 1957, opgeneem. Die hersiene Reglement van Dissipline het 'n inheemse karakter gehad en het aan moderne Suid-Afrikaanse vereistes voldoen.

Erasmus het ook Suid-Afrika se soewereiniteit oor sy vloot in 1952 bevestig toe hy die beskrywing

45 *Debatte van die Volksraad*, 1950-04-18, kol 4514; 1950-04-19, kol 4572.

46 SANW Argief: MVEF, Houer 148, Lêer MV192 Reorganisasie van die SA Weermag, Inlae 56, "Reorganisasie van die SA Weermag", November 1959; MVEF, Houer 7, MV8/1 Aktiewe Burgermag: Algemeen, Deel 5, Inlae 99, 1959-05-10.

47 SANW Argief: MVEF, Houer 148, Lêer MV192 Reorganisasie van die SA Weermag, Inlae 56, "Reorganisasie van die SA Weermag", November 1959; MVEF, Houer 7, MV8/1 Aktiewe Burgermag: Algemeen, Deel 5, Inlae 99, 1959-05-10.

48 SANW Argief: MVEF, Houer 105, Lêer MV55/7 Aanstelling van Rade, Kommissies en Komitees: Rangekomitee, F.C. Erasmus - P.I. Hoogenhout, H.T. Andrews, P.R. Botha, G.P. Jooste, 1953-09-04; P.R. Botha - F.C. Erasmus, 1953-10-05; P.I. Hoogenhout - F.C. Erasmus, 1953-10-05; H.T. Andrews - F.C. Erasmus, 1953-10-16; P. de Waal - F.C. Erasmus, 1953-09-28; "No more Royal Links with ACF or UDF", *Cape Argus*, 1949-10-04.

49 SANW Argief: KG, Lêer KG/AOS/3 Seremonieel: Minister van Verdediging en Toesprake, Deel 1, Inlae 83, 1958-11-10; Diverse groep 1, Houer 13, Lêer onder opskrif "Ceremonial : First Report of Ceremonial Advisory Committee".

50 SANW Argief: MVEF, Houer 120, Lêer MV78 Krygsargief, Inlae 20, 1950-10-25; "Veldkornetstelsel vir die Unie se Magte", *Die Transvaler*, 1948-12-02.

**Haar Majesteit se Suid-Afrikaanse Skip**, afgekort as HMSA, met bloot **Suid-Afrikaanse Skip**, SAS vervang het.[51] Hieroor was die *Navy League of South Africa*, 'n nie-amptelike vereniging vir nie-dienende Engelssprekende lede van die Vloot, dadelik op sy agterpote. In die *Navy League* se tydskrif, *The Sailor*, is Erasmus hewig gekritiseer vir sy beweerde onbeleefdheid teenoor die Engelse koningin.[52]

## 'N EWEWIG TUSSEN AFRIKAANS EN ENGELS IN DIE UVM

Een van die opvallendste aspekte van die UVM waaraan sy oorheersende Engelse karakter merkbaar was, was die negering van Afrikaans. Hoewel Afrikaans in 1925 as 'n amptelike landstaal erken is, het die UVM feitlik uitsluitlik Engels as taalmedium gebruik. Daar is gevolglik nie 'n geskikte of bruikbare Afrikaanse militêre terminologie geskep nie. Verder was daar geen tegniese handboeke of opleidingspamflette in Afrikaans beskikbaar nie. Die handjievol Afrikaanse vertalings van Engelse terme en die woordeskat wat wel bestaan het, was lomp, onakkuraat en verwarrend. Kolonel H.S. Cilliers, bevelvoerder van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege in Voortrekkerhoogte waar die Staande Mag en die Aktiewe Burgermag opgelei is, het in Desember 1947 dié toedrag van sake onder die aandag van die Adjunk-Hoof van die General Staf gebring. In sy brief aan generaal-majoor Poole het kolonel Cilliers voorbeelde van sulke vertalings aangehaal, soos:

| | |
|---|---|
| *battalion debussed* | - bataljon wat met motorvoertuie afgelaai is |
| *anti-personnel mines* | - myne teen lewende strydkragte |
| *second-in-command* | - tweede bevelvoerder |

Dié vertalings was omslagtig en onprakties, veral in oorlogtyd wanneer tyd kosbaar is. Kolonel Cilliers se pleidooi dat tydige stappe geneem word om 'n Afrikaanse militêre woordeskat te skep en te standaardiseer, het op dowe ore geval.[53]

Staande Mag-offisiere se onvermoë om Afrikaans te gebruik was ook duidelik geïllustreer deur die reaksie op 'n omsendbrief wat op 2 Augustus 1946 deur die Adjudant-generaal se kantoor uitgestuur is en wat bepaal het dat alle voorskrifte wat deur Groothoofkwartier, kommandementshoofkwartiere en die hoofkwartier van 11 Pantserbrigadegroep by wyse van sirkulêre uitgegee word, in albei landstale moes wees. Die Staatsvertaalburo is oorval met versoeke om dokumente in Afrikaans te vertaal, maar die Buro het slegs orders, regulasies en ander dokumente wat in druk sou verskyn, vertaal.[54]

In weerwil van die feit dat nagenoeg 57% van die blanke bevolking van Suid-Afrika indertyd Afrikaanssprekend was,[55] was die omgangs-, korrespondensie- en onderrigmedium in die UVM byna uitsluitlik Engels. Dit het baie Afrikaners ongelukkig gestem. Hulle het veral gekla omdat die opleiding in die Aktiewe Burgermag dikwels net in Engels geskied het. Dit was strydig met artikel 52 van die Verdedigingswet, Wet no 13 van 1912, (soos gewysig) wat bepaal het dat offisiere en onderoffisiere in staat moes wees om bevele en opdragte in albei ampstale te gee (en te ontvang) en dat alle burgers opleiding sou ontvang in die amptelike taal wat hulle die beste verstaan. Dit blyk dat die oorgrote meerderheid van die jong manlike burgers Afrikaans as voertaal verkies het. In 1953 was die statistiek vir taalvoorkeur van burgers in die landdrosdistrikte, wat binne die tien verskillende militêre kommandemente geval het, soos volg:[56]

*Tabel 1 Taalvoorkeur van burgers vir militêre opleiding in kommandemente in 1953*

| | Engels | Afrikaans |
|---|---|---|
| Kaap | 1 081 | 2 035 |
| Oostelike Provinsie en Grens | 1 160 | 955 |
| Noordwes-Kaap | 7 | 474 |
| Natal | 1 178 | 430 |
| Sentraal | 269 | 1 860 |
| Witwatersrand | 2 232 | 2 605 |
| Noordelike | 447 | 2 177 |
| Wes-Transvaal | 95 | 1 116 |
| Suidwes-Afrika | 26 | 339 |

Met die bewindaanvaarding van die NP het Afrikaanssprekendes sterk beswaar aangeteken by Erasmus oor die UVM se miskenning van hulle taal. Dit was in 1949 en 1950 een van die beskrywingspunte van dié party se kongresse in Natal en Transvaal terwyl individue die minister versoek het om

[51] *Staatskoerant* no 4865, Kennisgewing no 1384, 1952-06-20.
[52] Editorial, *The Sailor*, vol 10, no 4, April 1952, p 3.
[53] SANW Argief: Direkteur-generaal Landmag (DGL), Houer 14, Lêer DMT7/38/1 SA Military College: Establishment, Organisation and Duties, Inlae 113, 1947-12-19; Inlae 33, 1949-04-06; MVEF, Houer 30, Lêer MV13/3 Verklarings aan die Pers, Deel 1, Inlae 1, 1948-08-06.
[54] SANW Argief: AG(3), Houer 210, Lêer AG(3)1458/1 Taal: Tweetaligheid in UVM, Deel 1, Inlae "Omsendbrief no 57 vanaf Groothoofkwartier aan alle Hoofde van Afdelings, Bevelvoerders van Kommandemente en Bevelvoerder van 11 Pantserbrigadegroep", 1948-07-22.
[55] SANW Argief: KG, Lêer CGS/GM/6/2 Bilingualism in the UDF: Correspondence, Deel 2, Inlae 12, Waarnemende President van die WNNR - Hoof van die Generale Staf, 1955-08-09.
[56] *Debatte van die Volksraad*, 1953-08-07, kol 1246.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 2, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

toe te sien dat Afrikaans tot sy reg kom in die UVM.[57]

Die handhawing van Afrikaans in die UVM was in elk geval 'n saak wat Erasmus na aan die hart gelê het en wat hy sonder verwyl wou regstel. Hy het onmiddellik op die klagtes gereageer deur die Hoof van die Generale Staf opdrag te gee om verslae oor die gebruik van albei landstale van die kommandemente te bekom. Hy het dié rapporte self bestudeer en daaruit, asook uit verslae van die hoofde van die drie gevegsdienste, het dit geblyk dat die opleiding van die Aktiewe Burgermag inderdaad hoofsaaklik in Engels geskied het. Die rede hiervoor was, soos reeds genoem, die afwesigheid van Afrikaanse militêre terminologie asook opleidingshandboeke.[58] Tot 1948 het die UVM geen noemenswaardige poging aangewend om dit te voorsien nie.

Die probleem kon slegs oorkom word deur 'n omvattende program te loods om 'n Afrikaanse militêre terminologie te skep en om opleidingshandboeke te vertaal. Die UVM het nie oor die kundigheid beskik om so 'n projek aan te voer nie en derhalwe het Erasmus die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap genader om 'n bekwame taalkundige tot die Mag se beskikking te stel. J.W. Posthumus is in Julie 1948 vir hierdie doel aan die UVM toegewys en hy sou oor die volgende ses jaar 'n reuse bydrae lewer om Afrikaans as militêre taal te vestig.

Erasmus wou dat die Afrikaanse militêre woordeskat soveel moontlik van die Dietse inslag behou en het Posthumus en sy skakeloffisier, R.C. Hiemstra, (as deel van 'n afvaardiging van vier) gedurende Augustus en September 1948 na Nederland en België gestuur om daar 'n studie van hulle militêre terminologie te maak.[59] Erasmus het Posthumus opdrag gegee om terselfdertyd ook 'n studie van die state se militêre tradisies en museums te maak.

Posthumus het gedurende sy twee maande verblyf in Nederland en België 'n groot aantal publikasies aangekoop vir die daarstelling van 'n tegniese terminologie in Afrikaans. Terug in Suid-Afrika het hy 'n verslag opgestel, getitel **Taalgelykheid by die Verdedigingsmag** waarin hy oa aanbeveel het dat 'n komitee saamgestel word om handboeke in albei ampstale vir die drie gevegsdienste op te stel, maar dit was weens 'n tekort aan personeel onuitvoerbaar. Die belangrikste aanbeveling in sy verslag was die instel van 'n **Krygstaalraad**. Die noodsaaklikheid van so 'n raad is onderskryf deur 'n versoek van die Generale Staf dat 'n lid van die Vaktaalburo beskikbaar gestel word om, in samewerking met die UVM, 'n Afrikaanse militêre terminologie daar te stel en te standaardiseer en met die vertaling van hand- en teksboeke behulpsaam te wees.[60]

Die Krygstaalraad het teen die einde van Oktober 1949 ontstaan en was tot die Direktoraat Beleidskoördinasie toegevoeg. Posthumus is as voorsitter aangewys. Die Raad het voorts bestaan uit een offisier elk van die Leër, Lugmag en Vloot: onderskeidelik luitenant-kolonel N.J. Bierman, luitenant J.J. Vosloo en luitenant S.C. Biermann. Later is die Direkteur van die Vaktaalburo van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, doktor S.P.E. Boshoff en die assistent-direkteur, M.S. van Zyl, ook as lede gekoöpteer.[61] Die Krygstaalraad het op 14 Desember 1949 die eerste keer vergader. Sy belangrikste funksies was die vasstelling en standaardisering van 'n Afrikaanse militêre terminologie, die vertaling van handboeke en opleidingspamflette en die redigering van konsep handboeke met die oog op eenvormigheid van taal en terminologie. Die Krygstaalraad het spoedig besef dat die UVM 'n dringende behoefte aan 'n militêre woordeboek gehad het om die Afrikaanse terminologie te standaardiseer en tot die beskikking van elke UVM-lid te stel. Gevolglik het hulle in Mei 1951 begin om so 'n publikasie saam te stel. Dié woordeboek moes die bestaande *Militêre Woordeboek* wat in 1941 opgestel is, vervang aangesien dit onvolledig was, oorwegend landmagterminologie en weinig lugmag- en vlootterme bevat het, en sekere van die terme daarin lomp en omslagtig was en dus nooit in die UVM inslag gevind het nie.[62]

Die werkswyse van die Krygstaalraad het daaruit bestaan dat die drie offisiere van die Raad, die terme wat in Afrikaans vertaal moes word, in hulle onderskeie gevegsdienste versamel en vertaal het waarna die voorsitter dit een vir een taalkundig getoets het. Deskundiges, veral op tegniese gebied

57 SANW Argief: MVEF, Houer 6, Lêer MV8/1 Aktiewe Burgermag: Algemeen, Deel 1, Inlae 5, 1948-07-05; Inlae 106, 1949-07-06; Houer 54, Lêer MV19/1 Kongresbesluite: Partykongres, Deel 1, Inlae 5, 1949-10-07; Inlae 60, 1949-12-08; Houer 77, Lêer MV25 Politieke Sake, Inlae 56a, 1949-05-18.

58 SANW Argief: KG, Lêer CGS/GM/6/3/1 Defence Policy: Preparations and Operations: Bilingualism in UDF, Deel 1, Inlae 40, Hoof van die Generale Staf - Minister van Verdediging, 1949-05-11; MVEF, Houer 6, Lêer MV8/1 Aktiewe Burgermag: Algemeen, Deel 1, Inlae 5, 5 Julie 1948; Inlae 9, 1948-07-21.

59 SANW Argief: AG(14), Houer 13, MUS/ALG Museums-Algemeen, Sublêer KG/MUS/ALG Taalgelykheid by die Verdedigingsmag; KG, Lêer CGS/GM/6/2 Bilingualism in the UDF, Deel 1, Inlae 11, 1948-12-22; "Leërterme aangevul", *Die Volksblad*, 1948-07-14.

60 SANW Argief: KG, Lêer CGS/GM/6/2 Bilingualism in the UDF, Deel 1, Inlae 11, 1948-12-22; Inlae 40, Hoof van die Generale Staf - Minister van Verdediging, 1949-05-11.

61 SANW Argief: AG(3), Houer 210, Lêer AG(3)1458/1 Taal: Tweetaligheid in UVM, Deel 1, Inlae 37a, 1949-11-10; Inlae 42a, 1949-12-14; KG, Lêer CGS/GM/6/3/1 Defence Policy: Preparations and Operations: Bilingualism in UDF, Deel 1, Inlae 1, 1949-10-18; Inlae 2, 1949-10-22; Inlae 5, 1949-11-24.

62 SANW Argief: KG, Lêer CGS/GM/6/3/1 Defence Policy: Preparations and Operations: Bilingualism in the UDF, Deel 1, Voorsitter van die Krygstaalraad - Hoof van die Generale Staf, 1953-05-12.

is, wanneer nodig, ook gekoöpteer. Die skepping van 'n Afrikaanse terminologie was 'n lang en moeisame proses. In 1949 het die Krygstaalraad bereken dat nagenoeg 30 000 terme vertaal moes word. Die Raad kon weens sy klein personeel, slegs sowat 300 terme per maand afhandel en die tempo van hulle werksaamhede is verder vertraag deur die feit dat hulle die taak deeltyds moes verrig; Posthumus self het nog aktief saam met die Vaktaalburo aan 'n lys bouterme gewerk.

Die vertaling en daarstel van 'n terminologie het buitengewone eise gestel. Slegs deur noue samewerking tussen die vertalers, die skeppers van die terme en die gebruikers daarvan kon verseker word dat die betekenis korrek in Afrikaans weergegee word en dat dit gemaklik is om te gebruik. Die Krygstaalraad het die heelhartige samewerking van ander vakkundige instansies geniet, veral die Vaktaalburo en die redaksie van die *Afrikaanse Woordeboek*. Die Raad was op sy beurt behulpsaam met die opstel en nasien van militêre terme wat in die *Afrikaanse Woordeboek* opgeneem is.[63]

Die Krygstaalraad het die *Weermagswoordeboek* na drie jaar in 1954 gereed gehad. Dit het meer as 36 000 inskrywings bevat (tweemaal soveel as die ou *Militêre Woordeboek*) en het veral in die behoefte aan lugmag- en vlootterme voorsien. Van die nuwe woorde wat geskep en in die *Weermagswoordeboek* opgeneem is, het onmiddellik in die UVM inslag gevind en het die toets van die tyd deurstaan: **pletter** in **pletterboot** is 'n voorbeeld van so 'n term.[64]

Die *Weermagswoordeboek* het aanvanklik uit 'n Engels-Afrikaans indeling bestaan maar is later met 'n Afrikaans-Engels afdeling aangevul. Na die voltooiing van die woordeboek is Posthumus na die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap terugverplaas maar het steeds voorsitter van die Krygstaalraad, wat nog 'n groot drag werk gehad het, gebly. Boshoff en Van Zyl se lidmaatskap van die Raad is beëindig, maar hulle het steeds nou met die Krygstaalraad saamgewerk. Posthumus is in Julie 1959 deur majoor M.T. Steyn van Rooyen, 'n lid van die Staande Mag, opgevolg.[65]

'n Vertaalafdeling is, in wat 'n onnodige duplisering skyn te gewees het, by die Sekretaris van Verdediging ingestel. Die voorsitter van hierdie vertaalafdeling het die vergaderings van die Krygstaalraad bygewoon maar self geen bydrae gelewer nie. Na 'n kortstondige bestaan het dié afdeling in Julie 1951 verdwyn.[66]

Die instelling van die Krygstaalraad in 1949 en sy werksaamhede het eers op die lang termyn vrugte afgewerp. Intussen wou Erasmus Afrikaans so spoedig moontlik sy regmatige plek in die UVM laat inneem en hy het met die oog hierop 'n aantal maatreëls ingestel. Een hiervan was 'n vaste beleid met betrekking tot die gebruik van Afrikaans. Die gelyke beregtiging van Afrikaans in die Staatsdiens was nie statutêr vasgelê nie; artikel 137 van die Suid-Afrika Wet van 1909 het weliswaar bepaal dat daar gelyke beregtiging van die twee ampstale moes wees, maar dit het geen verpligting op werknemers van die Staat gelê om albei tale magtig te wees nie.[67] Daar was eweneens geen regulasie wat tweetaligheid in die UVM afgedwing het nie. Erasmus het derhalwe 'n beleid ingestel wat 'n ewewig tussen die gebruik van Afrikaans en Engels tot stand gebring het. Vanaf 1 November 1949 moes alle orders en instruksies asook korrespondensie binne die Staande Mag en met ander Staatsdepartemente en Provinsiale Administrasies, maandeliks om die beurt in Afrikaans en Engels gevoer word. So het die gebruik van die "Afrikaanse maand" en die "Engelse maand" soos wat dit elders in die Staatsdiens gegeld het, ook in die Verdedigingsmag ontstaan. Die enigste uitsonderings was korrespondensie met die publiek en buitelandse regerings waar gewone beleefdheidsreëls gegeld het en korrespondensie in verband met sake van 'n suiwer tegniese aard wat aanvanklik hoofsaaklik in Engels gevoer is.[68]

Aangesien artikel 52 van die Verdedigingswet in die geval van die Aktiewe Burgermag slegs voorsiening gemaak het vir die gebruik van die twee ampstale deur offisiere en ander range vir die kommunikasie van bevele en opdragte, kon die taalbeleid nie in die algemeen op die Burgermag van toepassing gemaak word nie. In die geval van eentalige eenhede van die Aktiewe Burgermag, is bepaal dat amptelike korrespondensie van en aan dié eenhede in die voertaal vir hulle voorgeskryf, opgestel word. Die voertaal was volgens die taal van die meerderheid eenheidslede vasgestel. Korres-

63 SANW Argief: KG, Lêer CGS/GM/6/3/1 Defence Policy: Preparations and Operations: Bilingualism in the UDF, Deel 1, Voorsitter van die Krygstaalraad - Hoof van die Generale Staf, 1953-05-12.

64 *Weermagswoordeboek*, pp x-xi, xiii.

65 SANW Argief: KG groep 1, Houer 17, Lêer IG/K25/7 Krygstaalterme: Military Terminology, Inlae 12, 1955-09-08; Houer 60, Lêer A/ADM/3/1 Tweetaligheid: Komitees en Rade, Deel 1, Inlae 4, 1959-07-22; KG, Lêer CGS/GM/6/3/1 Defence Policy: Preparations and Operations: Bilingualism in the UDF, Deel 1, Inlae 105, 1954-05-19.

66 SANW Argief: KG groep 1, Houer 60, Lêer A/ADM/3/1 Tweetaligheid: Komitees en Rade, Deel 1, Inlae 1, 1950-02-14; KG, Lêer CGS/GM/6/2 Bilingualism in the UDF, Deel 1, Inlae 11, 1948-12-22.

67 SANW Argief: KG, Lêer CGS/GM/6/2 Bilingualism in the UDF, Deel 1, Inlae Sekretaris van Verdediging - Minister van Verdediging, 1949-02-02.

68 SANW Argief: Roetine-order no 1553, 1949-10-21; Unieverdedigingsmag-order 26/54, 1954-02-12; AG(3), Houer 210, Lêer AG(3)1458/1 Taal: Tweetaligheid in die UVM., Deel 1, Inlae 15, 1949-10-06.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 2, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

pondensie met en deur die Skietkommando's gevoer, was uitsluitlik in Afrikaans aangesien dit hulle enigste taalmedium was.[69]

Die toepassing van die 50/50-taalbeleid het in die praktyk sekere probleme opgelewer; veral die Suid-Afrikaanse militêre verteenwoordigers in die buiteland het les opgesê. Die tiksters in die kantore was almal plaaslik gewerf en kon die Afrikaanse briewe en dokumente slegs met groot moeite en vele foute tik.[70] Erasmus het nietemin voet by stuk gehou dat die militêre verteenwoordigers in die buiteland die taalbeleid handhaaf. Hulle het egter die bepaling omseil deur nie-dringende korrespondensie tot 'n "Engelse maand" oor te hou.

Erasmus, wat self die taalbeleid nougeset toegepas het, het persoonlik steekproewe van lêers gedoen om die handhawing van die beleid in die UVM te monitor. Hy het oortreders vinnig en ferm aangespreek.[71]

'n Ander baie doeltreffende maatreël wat Erasmus ingestel het om Afrikaans in die UVM te vestig, was die taalvereiste vir bevordering. Enige lid van die Staande Mag wat nie albei landstale magtig was nie, sou nie bevorder word nie. Tot op daardie tydstip was die enigste taaltoets waaraan lede onderhewig was, die vereiste dat hulle eksamenvraestelle vir bevorderingseksamens op 'n 50/50 Afrikaans-Engels basis beantwoord. Erasmus het aan die einde van 1948 die beleid wat in die Staatsdiens gegeld het ook op die UVM van toepassing gemaak: persone wat vir bevordering in aanmerking gekom het, moes die streng en gestandaardiseerde taaltoets suksesvol aflê sodat hulle in staat sou wees om diensaangeleenthede in albei tale te bespreek en te beredeneer.[72]

Suiwer tegniese personeel, wie se take nie vereis het dat hulle onderrig of opleiding gee nie, was aanvanklik van hierdie vereiste kwytgeskeld. Erasmus het in die geval van die ambagslui, ander range wat oorwegend in die Verenigde Koninkryk gewerf was en dit uiters moeilik gevind het om die taaltoets te slaag, 'n toegewing gemaak. Dié vakmanne se bevordering was vir die daaropvolgende drie jaar van die taalbevoegdheidstoets vrygestel ten einde hulle die geleentheid te gee om Afrikaans aan te leer.[73]

Die Hoof van die Generale Staf het in opdrag van die minister, die aankondiging van die taalbevoegdheidsvereiste as voorwaarde vir bevordering, elke drie maande in eenheidsorders laat publiseer sodat dit tot op die laagste vlak in die UVM versprei kon word en alle Staande Mag-lede van die erns daarvan bewus gemaak is.[74]

Die aanvanklike toetse waaraan die UVM-lede se taalvaardigheid gemeet is, het verskeie tekortkominge gehad waarvan die belangrikste die gebrekkige toepassing in die drie gevegsdienste was. Daar is derhalwe in 1956 besluit om 'n gestandaardiseerde taaltoets in te stel. Die toets was soortgelyk aan dié wat voorgeskryf is vir lede van die Staatsdiens. Afsonderlike toetse was vir die bevordering van offisiere tot en met die rang van majoor en vir ander range ingestel. Die stelsel van taaltoetse is terselfdertyd doeltreffender gemaak deur die daarstelling van komitees wat die toetse afgeneem het. Die Sentrale Taaltoetskomitee was by Verdedigingshoofkwartier gesetel en verskeie streekskomitees het in die hoofsentra van die land gefunksioneer.[75]

Dit was hoofsaaklik Engelssprekendes, veral in die Lugmag en die Vloot, wat deur die taalbevoegdheidsbeleid nadelig geraak is aangesien die meeste Afrikaanssprekende lede van die UVM goed tweetalig was. Die nuwe beleid het twee gevolge gehad: Engelssprekende lede het òf uit die Mag bedank òf 'n doelgerigte poging aangewend om Afrikaans aan te leer. Onder diegene wat die diens verlaat het, was 'n aansienlike aantal lede van die Lugmag, veral die grondpersoneel. Hulle was hoofsaaklik die voormalige lede van die *Royal Air Force* wat enkele jare tevore in Brittanje vir die Suid-Afrikaanse Lugmag gewerf was. Die gevolg van hul uitdienstrede was dat 2 Eskader gedurende die oorlog in Korea (1950-1953) 'n tekort aan grondpersoneel ondervind het.[76] Tegniese personeel en ambagslui van die Vloot het weer bedank omdat hulle bevordering in gedrang gekom het weens die feit dat hulle nie

69 SANW Argief: Roetine-order no. 1553, 1949-10-21; Unieverdedigingsmag-order 26/54, 1954-02-12; AG(3), Houer 210, Lêer AG(3)1458/1 Taal: Tweetaligheid in die UVM, Deel 1, Inlae 15, 1949-10-06.

70 SANW Argief: AG(3), Houer 211, Lêer AG(3)1458/1 Taal: Tweetaligheid in die UVM, Deel 2, Inlae 10, Militêre Adviseur in Londen - Adjudant-generaal, 1953-03-31; Inlae 12, 1953-04-23.

71 SANW Argief: AG(3), Houer 210, Lêer AG(3)1458/1 Taal: Tweetaligheid in die UVM, Deel 1, Inlae 15, Minister van Verdediging - Hoof van die Generale Staf en Waarnemende Sekretaris van Verdediging, 1949-10-06.

72 SANW Argief: AG(3), Houer 210, Lêer AG(3)1458/1 Taal: Tweetaligheid in die UVM, Deel 1, Inlae 2, 1949-03-18.

73 SANW Argief: AG(3), Houer 210, Lêer AG(3)1458/1 Taal: Tweetaligheid in die UVM, Deel 1, Inlae 8, 1949-08-27; KG, Lêer CGS/GM/6/2 Bilingualism in the UDF, Deel 1, Inlae 8, 1948-11-24; Inlae 10, 1948-12-10.

74 SANW Argief: KG, Lêer CGS/GM/6/2 Bilingualism in the UDF, Deel 1, Inlae 8, 1948-11-24; Inlae 10, 1948-12-10.

75 SANW Argief: AG groep 1, Houer 865, Lêer AG184/141 Tweetaligheidstoetse Offisiere en Manskappe, Deel 5, Inlae 14, 1959-10-28; KG, Lêer CGS/GM/6/2 Bilingualism in the UDF: Correspondence, Inlae CGS/GM/6/2, 1956-04-16; UVMO 190/56, "Tweetaligheid in die SA Weermag".

76 SAAF "Officers Say Force Dangerously Weak Now", *Pretoria News*, 1951-03-31; "What is happening in the SAAF?" (editorial), *Wings*, vol X, no 110, June 1951, p 1.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 2, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Afrikaans magtig was nie en onwillig was om die taal aan te leer.[77]

Die taalbevoegdheidsvereiste was ook op Aktiewe Burgermag-offisiere, spesifiek bevelvoerders, twee-des-in-bevel, en adjudante van toepassing. Hulle moes genoegsaam vaardig in Afrikaans en Engels wees om ordegroepe gemaklik in albei tale te voer. Die hoër hoofkwartiere het streng hierby gehou en die aanbevelings vir die hiërargiese bevordering van verskeie offisiere is weens hulle gebrekkige twee-taligheidsvermoë afgewys.[78]

Die UVM het 'n tekort aan opgeleide personeel, veral op tegniese gebied gehad en die verlies aan sodanige personeel weens die taalbevoegdheids-vereiste het kommer gewek. Die hoofde van die Lugmag en die Vloot het derhalwe versoek dat onderwysers en vertalers tot hulle onderskeie gevegsdienste toegevoeg word om lede behulpsaam te wees om Afrikaans onder die knie te kry en om handboeke te vertaal.[79] Die antwoord op die probleem het nie in die verskaffing van onderwysers gelê nie, maar in die daarstelling van taalrade vir die Lugmag en die Vloot. Die Lugmag, wat 'n kritieke behoefte aan vertaalwerk gehad het, het sy eie bronne begin ontgin. Eenheidsvertaalrade is by elk van die Lugmagstasies in die lewe geroep en 'n sentrale Vertaalkomitee by die Lugmagkollege. Die Vertaalkomitee was verantwoordelik vir die nasien van die vertaalwerk wat deur die eenhede se vertaalrade gedoen is en het met die Krygstaalraad geskakel. 'n **Lugmagvertaalraad** is onder voorsitterskap van die Lugstafhoof gestig om toesig te hou oor die vordering van die eenheidsvertaalrade en die Vertaalkomitee.[80]

Die Vloot, die kleinste gevegsdiens van die UVM, het taamlik onverskillig gestaan teenoor Afrikaans en sy lede het die sterkste teenstand gebied teen Erasmus se taalbeleid. Die gangbare opvatting was dat die Vloot 'n Engelse instelling was waar die gebruik van Afrikaans net verwarring sou skep. Dit het Erasmus op 'n keer laat opmerk "*...ons Vloot kan maar nog nie die nodigheid vir tweetaligheid insien nie*".[81] Weens die halsstarrige houding van die Vloot en die feit dat die gebrek aan 'n Afrikaanse vlootterminologie die gebruik van die taal verder belemmer het, het Erasmus die Vloottaalraad in 1955 in die lewe geroep. Die Raad, wat in Saldanha gestasioneer was, se twee belangrikste funksies was om Afrikaans in die Vloot te bevorder en om, ter aanvulling van die Krygstaalraad se werksaamhede, 'n Vlootterminologie in Afrikaans te skep en handboeke te vertaal. Luitenant Gideon Joubert is as die eerste voorsitter van die Vloottaalraad aangestel. Drie van die vyf lede waaruit die Vloottaalraad aanvanklik bestaan het, was van buite die Vloot aangestel: H.F. Nel, onderwyser in Afrikaans aan die Hoërskool Jan van Riebeeck; J.J. Nieuwoudt, nuusredakteur van *Die Oosterlig*; en J.C. Nieuwoudt, van die redaksie van *Die Burger*. Die vyfde lid was onderluitenant J. Visser. Hierdie lede het almal oor gepaste taalkwalifikasies beskik.[82]

Alle Engelssprekende lede van die UVM is 'n billike geleentheid gebied om Afrikaans aan te leer. Die UVM het as gevolg van die dringende behoefte aan onderrig in Afrikaans, met tegniese kolleges in die hoofsentra in die land reëlings getref dat lede van die Mag daar kon klasse loop. Lede wat klasse in Afrikaans wou bywoon, is sover moontlik tegemoetgekom. Nie net is die lesse gedurende werksure aangebied nie, maar diegene wat dit wou bywoon is kosteloos na en van die klasse vervoer. Die kursusse in Afrikaans is goed bygewoon.[83]

Die vestiging van Afrikaans as voertaal op gelyke vlak met Engels het op 8 Mei 1958 gelei tot die stigting van die **Afrikaanse Kultuurvereniging Volk en Verdediging** (AKVV) in die UVM. Erasmus het die daarstelling van die AKVV nie net goedgekeur nie maar ook verwelkom. Die vereniging se doelstellings was om Afrikaans as krygstaal te bevorder, die Afrikaanse krygskultuur te stimuleer en om 'n gesonde verhouding tussen die UVM en blanke Afrikaanssprekendes te help bewerkstellig.[84] Staande Mag-, Burgermag- en Skietkommandolede kon by die AKVV aansluit maar lidmaatskap was tot blankes beperk. Die vereniging is bestuur en gelei deur 'n hoofbestuur onder voorsitterskap van brigadier R.C. Hiemstra, asook verskeie tak-

77 SANW Argief: KG, Lêer CGS/GM/6/3/1 Defence Policy: Preparations and Operations: Bilingualism in the UDF, Deel 1, Inlae Direkteur-generaal Vlootmag - Hoof van die Generale Staf, 1951-06-08.

78 SANW Argief: AG(3), Houer 211, Lêer AG(3)1458/2 Taal/Language: Tweetaligheid/Bilingualism, Inlae 13, 1956-08-30.

79 SANW Argief: KG, Lêer CGS/GM/6/3/1, Defence Policy: Preparations and Operations: Bilingualism in the UDF, Deel 1, Inlae 107, 1951-07-27; Lugstafhoof -Hoof van die Generale Staf, 1951-06-15; MVEF, Houer 120, Lêer MV79/2 Opleiding: Vlootmagte, Inlae 3, Minister van Verdediging - Hoof van die Generale Staf, 1952-01-25.

80 SANW Argief: KG, Lêer CGS/GM/6/2 Bilingualism in the UDF, Deel 2, DGAF/SOA/832/3/ORG Lugstafhoof - Hoof van die Generale Staf, 1955-09-23; AG(3), Houer 211, Lêer AG(3)1458/1 Taal: Tweetaligheid in die UVM, Deel 2, Inlae 40, "Besluite geneem by 'n vergadering op 5 Julie 1954 om die Uitvoering van die Tweetaligheidsbeleid in die SA Lugmag te bespreek".

81 SANW Argief: MVEF, Houer 62, Lêer MV22/8 Departementele Korrespondensie: Die Suid-Arikaanse Vloot, Deel 1, Inlae 88, 1952-09-26.

82 SANW Argief: MVEF, Houer 62, Lêer MV22/8 Die Suid-Afrikaanse Vloot, Deel 2, Inlae onder opskrif "Memorandum insake die SA Vloot", 1959.

83 SANW Argief: DGL, Houer 3, Lêer DGL0030/3 Bilingualism in UDF, Inlae 44, gd; AG(3), Houer 211, Lêer AG(3)1458/1 Taal: Tweetaligheid in die UVM, Deel 2, Inlae 3, 1951-08-15.

84 SANW Argief: KG, Lêer KG/AOB/14 Afrikaanse Kultuurvereniging Volk en Vaderland, Deel 1, Inlae 18, "Konstitusie van die AKVV", gd; Inlae 14, 1958-07-22; Inlae 15, 1958-08-04; Inlae 19, 1959-03-05; Inlae 25, 1959-02-23.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 2, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

besture. Die AKVV het sy eerste uniale kongres op 20 Mei 1959 te Voortrekkerhoogte gehou en spontaan aan die taalfeeste, wat die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings gereël het om die ontstaan van Afrikaans te herdenk, deelgeneem.[85] In die daaropvolgende jare het die AKVV 'n belangrike bydrae gelewer om die Afrikaanse taal en kultuur in die UVM te vestig asook om geneentheid en agting by Afrikaners vir die Verdedigingsmag te skep.

Erasmus se erns om Afrikaans op 'n gelykwaardige vlak met Engels te plaas, waardeur die UVM 'n meer gebalanseerde Suid-Afrikaanse karakter sou kry en Afrikaners aangespoor sou word om vrywillig militêre diens te verrig, het selfs 'n organisatoriese verandering in die Mag teweeggebring. Soos reeds genoem, was lede van die Aktiewe Burgermag ingevolge van artikel 52 van die Verdedigingswet geregtig daarop om opleiding te ontvang in die amptelike taal wat hulle die beste verstaan; vir Engelssprekendes was daar genoeg Engels-medium eenhede maar vir Afrikaanssprekendes was daar verreweg te min. Veral Afrikaners aan die Witwatersrand was erg ontevrede hieroor en vroeg in 1950 het hulle hulself in die **Komitee vir die Stigting van Addisionele Afrikaanse Regimente** groepeer. In Februarie van daardie jaar het advokaat J.F. Ludorf, as afgevaardigde van die komitee, 'n memorandum oor die daarstelling van bykomende Afrikaansmedium Aktiewe Burgermag-eenhede aan die Rand aan die Minister van Verdediging oorhandig. Na aanleiding hiervan het Erasmus bepaal dat sekere bestaande eenhede Afrikaans as voertaal sou hê. Een van hierdie eenhede was die **Rand Light Infantry** wat 'n groot getal Afrikaanssprekende lede gehad het. Die Engelssprekende lede van die eenheid het onmiddellik in verset gekom en voortgegaan om Engels as voertaal te gebruik. Die bevelvoerder van die eenheid het selfs sover gegaan om, in 'n flagrante skending van militêre dissipline, namens die eenheid die Minister van Verdediging en die UVM in die openbaar aan te val. Erasmus en die UVM het hierdie optrede nie oor die hoof gesien nie en teen die **Rand Light Infantry** opgetree. Hy het die eenheid in 'n skyndood geplaas; vanaf 1953 het dit nie meer rekrute ontvang nie ofskoon dit met die bestaande opgeleide lede kon funksioneer. Die eenheid het spoedig die effek hiervan gevoel en die ernstige bedreiging van sy voortbestaan het hom in 1956 genoop om sy weerspannige houding te hersien en vertoë te rig dat die skyndood opgehef word. By monde van die bevelvoerder het die eenheid onderneem om voortaan nie meer die departementele beleid of die UVM te kritiseer nie, terwyl - met Erasmus se goedkeuring - 'n bedekte toegewing gemaak is dat Engels ook as medium aangewend kon word.[86]

Met die instelling van die lotingstelsel in 1953 moes opnuut na die getal en verspreiding van Afrikaansmedium eenhede gekyk word en die tekort noodwendig reggestel word. Die Minister het 'n komitee onder leiding van brigadier H.B. Klopper aangestel om die heraanwysing en verspreiding van Aktiewe Burgermag-eenhede te ondersoek ten einde 'n beter geografiese en taalverspreiding in verhouding tot die mannekrag te verseker. Die implementering van dié komitee se aanbevelings het daartoe gelei dat nuwe Afrikaans-medium regimente gestig en enkele Engels-medium eenhede, waarvan die lede oorwegend Afrikaanssprekend was, in 1954 na Afrikaans-medium eenhede omgeskakel is.[87]

Die Afrikaanse Kultuurraad, asook sommige individue het hulle dank vir en ingenomenheid met die nuwe Afrikaanse regimente teenoor Erasmus uitgespreek. Sy optrede is as 'n "*...heldhaftige nasionalisering van Verdediging*" beskryf waardeur "*...aan die Afrikaner .... weer 'n tuiste in ons Weermag gebied word*".[88]

## SLOT

Toe Erasmus die portefeulje van Verdediging in 1959 afstaan, het hy 'n Mag agtergelaat waarin twee van sy belangrikste doelwitte, naamlik die ontwikkeling van 'n ware Suid-Afrikaanse identiteit en om die Afrikaner daarin tuis te laat voel, kennelik verwesenlik was. Daarvan getuig die veel groter getal Afrikaanssprekendes wat na 1948 'n voltydse loopbaan in die UVM gekies of vrywillig vir diens in die Burgermag en kommando's aangemeld het. Die hewige teenstand en kritiek wat hy van die VP, die Engelse pers, sommige Engelssprekendes en dikwels op 'n bedekte wyse van lede in die Mag ervaar het, het hom nie ontmoedig of van stryk gebring nie. Die volgehoue lof en dank wat hy van NP-aanhangers ontvang het, het hom aangespoor om sy program end-uit te voer. Een van sy getrouste ondersteuners was *Die Transvaler*. Dié blad het gereeld en geesdriftig berig oor die "nuwe" verdedigingsmag wat besig was om te ontwikkel.

85 SANW Argief: KG, Lêer KG/AOB/14 Afrikaanse Kultuurvereniging Volk en Vaderland, Deel 1, Inlae 19, 1959-03-05; Inlae 25, 1959-02-23.

86 SANW Argief: MVEF, Houer 6, Lêer MV8/1 ABM Algemeen, Deel 2, Inlae 20, 1950-04-14; Inlae 50, 1951-03-27; KG, Lêer KG/GPO/3/2/1 Organisasie SA Leër, Inlae 60, 1955-09-08; KG/GPO/1/3 Organisasie Burgermag, Inlae 1, 1956-09-20.

87 SANW Argief: MVEF, Houer 7, Lêer MV8/1 ABM Algemeen, Deel 1, Inlae 6, F.C. Erasmus - V.G. Fenner-Solomon, 1953-11-30; KG, Lêer KG/GM/6/2 Tweetaligheid in die UVM., Deel 3, Inlae 30, memorandum onder opskrif "Language Medium ACF Units", gd.

88 SANW Argief: MVEF, Houer 7, Lêer MV5/1 ABM: Algemeen, Deel 3, Inlae 103, 1953-08-25; Deel 4, Inlae 2, 1953-11-16; Inlae 3, 1953-11-17.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 2, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# BRONNE


## PRIMÊRE BRONNE

**DIREKTORAAT DOKUMENTASIEDIENS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE WEERMAG, PRETORIA**

ARGIEF VAN DIE ADJUDANT-GENERAAL, GROEP 1
AG 184/141, Tweetaligheidstoetse Offisiere en Manskappe, Deel 5.

ARGIEF VAN DIE ADJUDANT-GENERAAL, GROEP 3
AG(3) 282, King's and regimental Colours, Deel 3.
AG(3) 282, Colours: Queens and Regimental Colours, Deel 4.
AG(3) 1458/1, Taal: Tweetaligheid in UVM, Deel 1.
AG(3) 1458/1, Taal: Tweetaligheid in UVM, Deel 2.
AG(3) 1458/2, Taal: Tweetaligheid.

ARGIEF VAN DIE ADJUDANT-GENERAAL, GROEP 14
MUS/ALG, Museums: Algemeen.

ARGIEF VAN DIE DIREKTEUR-GENERAAL LANDMAG(DGL)
DGL 0030/3, Bilingualism in UDF.
DMT 7/38/1, SA Military College: Establishment, Organisation and Duties.

DIVERSE, GROEP 1
Ceremonial: First Report of Ceremonial Advisory Committee.

DIVERSE, GROEP 2
SAW Jaarverslag 1960.

ARGIEF VAN DIE KOMMANDANT-GENERAAL (KG)
A/ADM/3/1, Tweetaligheid: Komitee en Rade, Deel 1.
CGS/GM/6/2, Bilingualism in the UDF, Deel 1
CGS/GM/6/2, Bilingualism in the UDF: Correspondence, Deel 2.
CGS/GM/6/3/1, Defence Policy: Preparations and Operations: Bilingualism in UDF, Deel 1.
HGS/KV/1, Uniform- en Tenuevoorskrifte: Beleid, Orders en Instruksies, Deel 1.
IG/K25/7, Krygstaalterme: Military Terminology.
KG/AOB/14, Afrikaanse Kultuurvereniging Volk en Vaderland, Deel 1.
KG/AOD/1/2, Suid-Afrikaanse Eerbewyse en Medaljes, Deel 1.
KG/AOS/3, Seremonieel: Minister van Verdediging en Toesprake, Deel 1.
KG/AP/SM/10, Staande Mag Moreel, Deel 1.
KG/GM/6/2, Tweetaligheid in die UVM, Deel 3.
KG/GPO/1/3, Organisasie Burgermag.
KG/GPO/3/2/1, Organisasie SA Lëer.
KG/KV/2, Uniform- en Tenuevoorskrifte, Deel 3.
KG/KV/2, Uniform- en Tenuevoorskrifte, Deel 4.

ARGIEF VAN DIE MINISTER VAN VERDEDIGING ERASMUS/FOUCHé (MVEF)
MV 5/1, Aktiewe Burgermag: Algemeen, Deel 3.
MV 5/1, Aktiewe Burgermag: Algemeen, Deel 4.
MV 8/1, Aktiewe Burgermag: Algemeen, Deel 1.
MV 8/1, Aktiewe Burgermag: Algemeen, Deel 2.
MV 8/1, Aktiewe Burgermag: Algemeen, Deel 5.
MV 13/3, Verklarings aan die Pers, Deel 1.
MV 19/1, Kongresbesluite: Partykongres, Deel 1.
MV 22/8, Departementele Korrespondensie: Die SA Vloot, Deel 1.
MV 22/8, Departementele Korrespondensie: Die SA Vloot, Deel 2.
MV 22/11, Departementele Korrespondensie: Skietkommando's, Deel 6.
MV 25, Politieke Sake.
MV 43, Griewe omtrent die Dra van Rooilussie, ens.
MV 55/7, Aanstelling van Rade, kommissies en Komitees: Rangekomitee.
MV 75, Uniforms en Rangtekens, Deel 1.
MV 78, Krygsargief.
MV 79/2, Opleiding: Vlootmagte.
MV 192, Reorganisasie van die SA Weermag.
MV 205, Jaarverslag UVM, 1956.

ARGIEF VAN DIE SEKRETARIS VAN VERDEDIGING (DC)
DC 780/2, Minister of Defence: Policy by Minister, Deel 1.
DC 17850/436, General Staff Conferences, Deel 1.

VERSLAE
Verslag van die Komitee van Ondersoek insake Militêre Range, Vaandels, Kentekens, ens.

AMPTELIKE DOKUMENTE VAN DIE UNIEVERDEDIGINGSMAG
Weermagwoordeboek, Kaapstad, 1953.

## SEKONDÊRE BRONNE

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Debatte van die Volksraad.* 1946-04-04.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Debatte van die Volksraad.* 1950-04-18.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Debatte van die Volksraad.* 1950-04-19.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Debatte van die Volksraad.* 1953-08-07.

*Staatskoerant no 4865,* 1952-06-20.

*Staatskoerant* no 1952, 1954-10-01.

Bogterige Onthoofdingsaksie. *Die Transvaler,* 1950-08-29.

*Die Transvaler,* 1949-09-28.

*Die Volksblad,* 1949-09-28.

Dis Nou Ons Eie. *Die Volksblad,* 1952-04-04.

Editorial, *The Sailor* 10 (4), April 1952.

Eie Militêre Tradisies moet Behoue bly: Erasmus. *Die Vaderland,* 1948-12-02.

Exit the Orange Flash. *Pretoria News,* 1949-09-27.

Leërterme aangevul. *Die Volksblad,* 1948-07-14.

NG Sinode wens Minister geluk oor Kommandant-generaal. *Die Transvaler,* 1957-05-01.

'n Rang in die Boeretradisie. *Die Tranvaler,* 1950-08-26.

No more Royal Links with ACF or UDF. *Cape Argus,* 1949-10-04.

Officers Say Force Dangeroulsy Weak Now. *Pretoria News,* 1951-03-31.

Political Medals. *Cape Times,* 1952-04-08.

The Navy's New Look. *Rand Daily Mail,* 1950-09-06.

Tinker-tailor. *Cape Argus,* 1994-08-26.

Voel weer Tuis in Verdedigingsblad. *Die Volksblad,* 1950-10-05.

Veldkornetstelsel vir die Unie se Magte. *Die Transvaler,* 1948-12-02.

What is happening in the SAAF?, *Wings* X (110), June 1951.

CURSON, H.H., *Regimental Devices in South Africa 1783-1954.* Pretoria, 1954.